Publication: Rapport (Gauteng), Beleef
Date: Sunday, August 23, 2020
Page: 16

Pastore, rente nié maats

Beleggings in kontant is nie beste op lang termyn; dis vir onvoorsiene uitgawes

Nico van Gijsen

Raad met jou rande

Verstaan jy rente?

Ons kyk vandag na rente as beleggingsopbrengs.

Rente word verdien uit kontantbeleggings, een van die vier basiese bateklasse waarin jy jou geld belê. Die ander is aandele, effekte en eiendom. Vandag wil ek stilstaan by rente, die verdienste op kontantbeleggings.

Nie almal verstaan rente nie. Dit is duidelik, vandaar 'n vraag wat ek gereeld kry: "Hoeveel rente kan jy vir my kry?"

Dis gewoonlik ouer mense op soek na 'n opbrengs op reeds karige geldjies.

Maar die vraag is verkeerd. Gevolglik gaan die antwoord baie keer ook verkeerd wees.

Maar eers, wat is rente? Rente is die "vergoeding" wat een persoon aan 'n ander betaal omdat hy geld by hom leen.

Dis regtig so eenvoudig soos dit.

Iemand wat geld voorskiet, doen dit omdat hy 'n finansiële voordeel uit die transaksie wil verkry. Niemand met 'n tikkie geldwysheid skiet geld voor uit die goedheid van sy hart nie.

Hoë rente, groter kans dat jy geld verloor

As jy jou geld by 'n bank of elders belê is dit niks anders nie as 'n lening wat jy voorskiet. Die bank of ander instelling gebruik jou geld om dit weer teen 'n hoër rentekoers uit te leen aan iemand anders. Só maak julle albei geld.
Ja, dis so eenvoudig.

Die rente is die vergoeding vir die risiko van geld voorskiet. Daarom, hoe hoër dié risiko geag word hoe hoër die rente wat gevra word. Andersom gestel: Hoe hoër die rente wat aangebied word hoe groter is die risiko waaraan jy as lener (belegger) jou geld blootstel.

En hier is die belangrike werklikheid: Daar is 'n direkte verband tussen rente en risiko. Hoe hoër die een hoe groter die ander. Anders gestel: Hoe meer die rente is wat aangebied word hoe groter is die risiko dat jou jy jou geld kan kwyt wees. Hoekom anders sal ek jou 10% aan rente betaal as ek geld by die bank kan leen teen 6% rente?

Persentasie van die tyd wat elke bateklas die top-presteerder was oor 15 jaar



Bron: Old Mutual Investment Group Grafika24

Persentasie van die tyd wat elke bateklas die swakste presteerder was oor 15 jaar



Bron: Old Mutual Investment Group Grafika24

Loop dus maar lig vir instellings, pastore en banke wat rente aanbied wat jy nie by 'n top-bank sal kry nie. Moenie met 'n slap riem gevang word nie. Waaruit betaal die pastoor jou rente? Sy eie, beter beleggings? Die kerk se geldkas?

Piramideskemas gebruik die geld van nuwe "beleggers" totdat die stroom beleggers opraak; dan is almal arm behalwe die geldjakkals.

Kontant is nié koning

Kom ons kyk na renteopbrengs as 'n werklike beleggingsklas. Die rente wat jy op 'n belegging kan kry in die geldmark is gewoonlik so 2% meer as inflasie. Jou beleggingsopbrengs is dus 2% per jaar in reële terme.

As die bedoeling met die belegging is om die geld te hou vir 'n korttermyndoelwit, byvoorbeeld om eiendom te koop of oor 'n jaar of ses maande oorsee te kan gaan, is dit goed en wel.

Maar vir kapitaalgroei? Nee.

Die grafiek heel links wys hoe kontant as bateklas oor die afgelope 15 jaar net 13% van die tyd die toppresteerder was.

Aandele klop hom by verre. En die tweede grafiek wys die persentasie tyd dat die betrokke bateklas die swakste presteer het. Dan "klop" kontant almal.

Maar daar is verdere redes waarom jy nie al jou geld in kontant (geldmark) moet hou nie.

As jy inkomste uit die belegging moet trek, gaan die geld nie hou nie. Kom ons sê jy kry 6% rente per jaar en jy onttrek 10% per jaar inkomste. Met inflasie wat op sy eie ook 4% per jaar wegkalwe, gaan jy baie gou in finansiële ellende beland. Dis juis wanneer die geldjakkalse toeslaan en breed glimlag as jy vra: "Hoeveel rente kan jy vir my kry?"

Die tweede is belasting. Renteverdienste is belasbaar as inkomste (net die eerste R23 800 is vrygestel; as jy ouer as 65 is, dan is dit R34 500).

As jou marginale koers, sê, 36% is en jy kry 7% rente, dan is jou effektiewe beleggingsopbrengs net 4,48%. En dis nog voordat jy inkomste onttrek het.

Terloops, belasting is 'n goeie manier om te sien of jy by 'n jakkalsstreek ingetrek is. As jou pastoor, of wie ook, nie vir jou elke jaar 'n belastingsertifikaat gee nie, is daar 'n belastingbedrogspul.

En 'n bedrieër het nie grense nie; hulle dink net aan hulself.

Dis vir nooduitgawes

Waar pas rentedraende beleggings in jou portefeulje? Vir korttermyndoelwitte of vir 'n noodfonds. Dit is voorsiening vir onvoorsiene uitgawes.

Anders moet jy kyk na 'n gediversifiseerde beleggingsportefeulje met aandele as hoofkomponent. Die werklike batesamestelling moet só wees dat dit in jou bepaalde behoeftes voorsien; daar is nie iets soos 'n "standaard"-beleggingsportefeulje nie.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac. com; Twitter: @Nicovangijsen.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.